# VAKKEUSE VIR GRAAD 10 TOT 12

## 1. INLEIDING

Die doel van hierdie inligtingstuk is om graad 9-leerders en hul ouers van inligting te voorsien om uiteindelik 'n sinvolle vakkeuse te kan uitoefen.

## 2. SINVOLLE VAKKEUSE

Om 'n sinvolle vakkeuse te kan uitoefen, moet die volgende sake aandag geniet:

- Voldoende kennis van die kind (selfkennis).
- Voldoende kennis van die onderwysstelsel en die keusemoontlikhede wat dit bied.
- 'n Realistiese en objektiewe benadering by die integrering van bogenoemde.
- Die waagmoed om 'n besluit te neem en dit deur te voer.

Aangesien die graad 9-leerder nog nie alleen verantwoordelikheid kan neem vir die uitoefening van 'n sinvolle vakkeuse nie, moet die ouer onderneem om leiding en steun aan die kind te bied en saam met die kind 'n besluit te neem.

Die skool se verantwoordelikheid is om inligting en waar nodig, advies, aan die ouer en kind te gee.

Die finale vakkeuse bly egter die verantwoordelikheid en reg van die ouers, binne die departementele- en skoolvoorskrifte, sowel as roostermoontlikhede.

Elke leerder se vakkeuse word deur die skool gekontroleer en geverifieer, tot voordeel van die kind.

## 3. KENNIS VAN DIE KIND (SELFKENNIS)

Voldoende kennis en begrip van elke kind met sy besondere vermoëns (verstandelik, geestelik en liggaamlik), aanleg, belangstelling, persoonlikheid en ideale is noodsaaklik, ten einde die regte vakke (en later beroep) vir elke kind te kies. Die totale prentjie (totaliteit) van al hierdie aspekte moet voor oë gehou word. Geen aspek (byvoorbeeld belangstelling) mag belangriker as die ander geag word nie.

Die resultate van byvoorbeeld aanleg- en/of belangstellingtoetse moet altyd saam met skolastiese prestasie, motivering, houding, persoonlikheid ensovoorts, beoordeel word.

## 3.1 ELKE KIND IS UNIEK

Mense verskil van mekaar. Selfs twee kinders uit dieselfde gesin verskil in ‘n mindere of meerdere mate van mekaar. Die vakkeuse van u een kind sal dus nie noodwendig ooreenstem met u ander kind s’n, of met u ideale nie.

## 3.2 VERSTANDELIKE VERMOË

Verstandelike vermoë is die aangebore potensiaal waaroor ‘n kind beskik om te kan leer en in skoolwerk te kan presteer. Omdat die mens so ‘n komplekse wese is, en so baie omgewingsfaktore ‘n invloed op hom/haar kan hê, is dit nie altyd baie maklik om te bepaal presies waartoe die kind op akademiese gebied in staat is nie.

Ouers en leerders moet egter poog om ‘n realistiese keuse te maak, wat gebaseer is op feitelike inligting, gerugsteun deur bewese prestasie. Die skoolrapport is gewoonlik ‘n meer betroubare maatstaf van ‘n kind se verstandelike vermoë as bloot ‘n I.K.-syfer.

Ontleding van ‘n leerder se skolastiese prestasie in graad 7, en veral in graad 8 en 9, kan help om ‘n aanduiding te gee van skolastiese vermoë. Indien ‘n leerder swak presteer het in ‘n bepaalde vak/vakke in graad 8 en 9, is dit hoogs onwaarskynlik dat hy/sy in die VOO-fase (Gr 10-12) sal begin om goed te presteer in daardie vak/vakke.

## 3.3 AANLEG

Aanleg is die potensiaal waaroor ‘n persoon beskik, wat hom/haar in staat stel om ‘n bepaalde vlak van vermoë te kan bereik met ‘n gegewe hoeveelheid opleiding en/of oefening.

Aanleg, tesame met belangstelling, houding, motivering en ander persoonlikheidseienskappe, sal in ‘n groot mate die uiteindelike sukses van ‘n persoon in ‘n bepaalde veld bepaal.

## 3.4 BELANGSTELLING

Die belangstelling van die kind moet in ag geneem word wanneer vakke gekies word, aangesien dit logies is dat ‘n vak vir die kind interessant moet wees, ten einde sy beste te kan lewer. Indien ‘n leerder nie sy belangstelling ten volle in sy skoolvakke of toekomstige beroep kan

bevredig nie, kan sodanige belangstelling nog altyd in die vorm van ‘n stokperdjie uitgeleef word.

## 4. DIFFERENSIËLE AANLEGTOETS (DAT)

Graad 9-leerders het die geleentheid om gedurende Augustus die Differensiële Aanlegtoets (DAT) af te lê**.** Die resultate van die verskillende subtoetse word verder verwerk om die leerder se aanleg te bepaal. Die DAT-Toets werk op ‘n 9-punt skaal met 5 as ‘n populasie-gemiddeld.

Die volgende uitkomste word deur die DAT-toets uitgewys:

### 4.1 AKADEMIES:

Om die leerder se akademiese aanleg te meet, is die gemiddeld verkry van die staneges van die volgende subtoetse: Verbale Redenering, Nie-verbale redenering, Berekening, Leesbegrip, Woordeskat en Geheue. Hierdie toetse dui die algemene **leervermoë** van die leerder aan en hou dus verband met sy/haar prestasie op skool. Hoe hoër die stanege, hoe beter is die leerder se kans om akademies goed te presteer op skool en 'n sukses te maak van tersiêre studie.

### 4.2 HANDELS/KLERKLIK

Om die leerder se aanleg op handels/klerklike gebied te meet, is die gemiddeld verkry van die staneges van die volgende subtoetse: Vergelyking, Leesbegrip en Berekening. Die belangrikste faktore hier is klerklike vermoë, taalvermoë en in sommige gevalle ook rekenkundige vermoë.

### 4.3 TEGNIES

Om die leerder se aanleg op tegniese gebied te meet is die gemiddeld verkry van die staneges van die volgende subtoetse: Meganiese Insig, Ruimtelike Visualisering, Nie-verbale Redenering en Berekening. 'n Kombinasie van die subtoetse Meganiese Insig en Ruimtelike Visualisering behoort die beste voorspeller van sukses op hierdie gebied te wees, byvoorbeeld enige van die ambagsberoepe. Vir voorligting met betrekking tot 'n hoër vlak, byvoorbeeld ingenieurswese of 'n tegniese diploma, moet die subtoetse Nie-verbale Redenering en Berekening bygevoeg word. Indien ‘n leerder hier bo die populasie-gemiddeld toets (bo-5) kan vakke soos Rek, Ekonomie, Besigheid, RTT en IT oorweeg word. 'n Tegniese aanleg speel ook 'n groot rol in alle vakke waar daar 'n praktiese komponent is, ook byvoorbeeld in Visuele Kunste, Ontwerpkuns, Gasvryheidstudies, Ingenieursgrafika en -Ontwerp en Musiek.

## 4.4 WISKUNDE

Om die leerder se aanleg op wiskundige gebied te meet, is die gemiddeld verkry van die staneges van die volgende subtoetse: Verbale Redenering, Berekeninge, Ruimtelike Waarneming, en Geheue. Hoe hoër die gemiddeld, hoe beter is die leerder se kans om redelik tot goed te presteer in Wiskunde. Hoe laer die gemiddeld , hoe groter is die kans dat die leerder beter sal presteer in Wiskundige Geletterdheid.

Die skool beveel aan **'n stanege van 7 of hoër aan om Wiskunde** as vak te oorweeg. Neem egter ook die bewese prestasie in Wiskunde (op die leerder se rapport) in ag.

Om te bepaal in watter van hierdie vier breë rigtings of velde die leerder die beste kans op sukses het, moet sy/haar punte in die toetse ten opsigte van die onderskeie velde vergelyk word. As 'n profiel van staneges toon dat die leerder beter presteer in byvoorbeeld die toetse rakende die handels/klerklike veld as in die toetse rakende die akademiese of tegniese velde behoort hy/sy dit te oorweeg om sy/haar studies in eersgenoemde veld voort te sit. Binne elk van die velde sal die vlak waarheen gemik word, byvoorbeeld 'n universiteitskursus, 'n gevorderde kursus aan 'n tegniese kollege, 'n vakleerlingskap, en dies meer, afhang van die leerder se algemene standaard met betrekking tot die betrokke vermoë of vermoëns.

## 4.5 WAT MEET DIE VERSKILLENDE SUBTOETSE?

**Toets 1: Woordeskat (Benodig in bv. Afrikaans en Engels)**

Die doel met die toets is die meting van die Verbale Begripsfaktor, wat gedefinieer kan word as die kennis van woorde en hulle betekenis, sowel as die toepassing van hierdie kennis in die gesproke en geskrewe taal.

**Toets 2: Verbale Redenering (Benodig in bv. Tale, Geskiedenis, Dramatiese Kunste, Geografie, Dansstudies, Toerisme, Gasvryheidstudies)**

Die doel van die toets is om 'n aspek van Algemene Redenering aan die hand van verbale materiaal te meet. Die toets berus op die aanname dat die vermoë om verwantskappe vas te stel, woordanalogieë te voltooi, die gebruik van die woordeskat-agtergrond waaroor 'n persoon beskik asook die oplossing van algemene probleme wat logiese denke vereis, 'n geldige aanduiding van 'n aspek van Algemene Redenering is.

**Toets 3: Nie-verbale Redenering: Figure (Benodig in bv. Gasvryheidstudies, Geografie, Toerisme, Dansstudies, Musiek, Lewenswetenskappe, Dramatiese Kunste)**

Met hierdie toets word beoog om 'n aspek van Algemene Redenering aan die hand van nie-verbale materiaal te meet. Die toets berus op die aanname dat die vermoë om die verwantskappe tussen figure raak te sien,

en na analogie ‘n gepaste ontbrekende figuur te identifiseer, 'n geldige aanduiding van 'n aspek van nie-verbale redeneringsvermoë gee.

**Toets 4: Berekeninge (Benodig in bv. Wiskunde, Wiskundige Gel., RTT, IT, Rek en Fisiese Wetenskap)**

Die doel van die toets is om die rekenkundige vermoë van die leerders te meet. Die toets berus op die aanname dat die leerder se vermoë om met behulp van die vier basiese rekenkundige bewerkings (optel, aftrek, deel en vermenigvuldig) meganiese berekeninge te doen en rekenkundige probleme op te los, 'n geldige aanduiding van sy/haar rekenkundige vermoë verskaf.

**Toets 5: Leesbegrip (Benodig in alle vakke)**

Met die toets word beoog om die leerder se vermoë om te begryp wat gelees word, te meet. In hierdie toets word veronderstel dat 'n leerder se vermoë om die regte antwoord op vrae oor leesstukke te kies, 'n geldige aanduiding van leesbegrip is. 'n Toereikende leesbegripvermoë speel natuurlik 'n groot rol in enige vak met 'n teoretiese komponent – wat beteken alle vakke!

**Toets 6: Vergelyking (Benodig in bv. Fis Wet, Wisk, Rek)**

Die doel met die toets is die meting van Visuele Perseptuele Spoed as 'n sekere aspek van klerklike vermoë, wat in hoofsaak bestaan uit vinnige en akkurate waarneming van verskille en ooreenkomste tussen visuele konfigurasies. Die toets is gebaseer op die aanname dat die vermoë om vinnig en korrek uit vyf simboolgroepe die een aan te dui wat nie presies met die ander vier groepe ooreenstem nie, 'n geldige aanduiding van Visuele Perseptuele Spoed is.

**Toets 7: Ruimtelike Visualisering 3-D (Benodig in bv. Visuele Kunste, Ontwerp, IGO, Fisiese Wet, Wiskunde en Siviele Tegnologie)**

Die doel met die toets is om die driedimensionele ruimtelike waarnemingsvermoë van 'n leerder te meet. Die toets is gebaseer op die aanname dat die vermoë van 'n persoon om

(i) twee blokkies (figure) wat met 'n skarnier aan mekaar vas is en wat driedimensioneel voorgestel word, in die gedagte so te manipuleer dat 'n herkenbare figuur verkry word nadat een van die blokkies omgeswaai is;

(ii) met soliede voorwerpe van verskillende vorms en groottes wat driedimensioneel voorgestel word, 'n herkenbare figuur te bou;

(iii) 'n kubus waarvan die sye op 'n sekere manier gemerk is en wat driedimensioneel voorgestel word, in die gedagte so te manipuleer dat die relatiewe posisie van 'n sekere kubus tot dié van 'n gegewe

een bepaal kan word, 'n geldige kriterium van driedimensionele ruimtelike waarnemings-vermoë is.

**Toets 8: Meganiese Insig (Benodig in bv. Fis Wet, Wisk en Siviele Tegnologie)**

Die doel met die toets is die meting van Meganiese Insig. Die toets is gebaseer op die aanname dat die vermoë om 'n korrekte visuele voorstelling te maak van die resultaat van die werking van 'n meganiese toestel of 'n natuurkundige beginsel wat in 'n tekening uitgebeeld word, 'n geldige kriterium vir die meting van Meganiese Insig is.

**Toets 9: Geheue (Paragraaf) (Benodig vir alle vakke)**

Die doel met die toets is die meting van 'n aspek van die Geheue-faktor, deur gebruik te maak van sinvolle materiaal. Die toets is gebaseer op die aanname dat die vermoë van 'n leerder om sinvolle materiaal wat in geskrewe paragrawe saamgevat is te memoriseer en daarna vrae oor die inhoud van die paragrawe korrek te beantwoord, 'n geldige kriterium vir die meting van 'n aspek van Geheue is.

## 5. DIE ONDERWYSSTELSEL

### 5.1 SKOOLFASES

U kind betree volgende jaar die VOO-fase. Die vakke wat hy/sy nou kies, neem hy/sy dus tot aan die einde van sy skoolloopbaan en dit speel die deurslaggewende rol in toekomstige beroepskeuse.

### 5.2 DIE KURRIKULUM ASSESSERINGSVERKLARING (KABV)

Inligting wat hier voorsien word, het betrekking op Die Hoërskool Wonderboom, maar dit is in ooreenstemming met die voorskrifte en regulasies soos bepaal deur die Nasionale Onderwys-departement.

Vanaf 2012 is begin om hierdie nuwe kurrikulum (KABV) by alle graad 10-vakke te implimenteer.

Hierdie kurrikulum voldoen aan internasionale standaarde. Dit vereis van leerders die kennis en vaardighede om aktief deel te neem aan en by te dra tot 'n demokratiese Suid-Afrikaanse samelewing en ekonomie.

### 5.3 VAKKEUSE IN GRAAD 9 EN VEREISTES VIR DIE TOEKENNING VAN DIE NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

Om te kwalifiseer vir die Nasionale Senior Sertifikaat aan die einde van graad 12, vereis die Kurrikulum Assesserings-verklaring (KABV) dat alle leerders in graad 10 tot 12 **sewe** vakke moet neem. **Twee** van hierdie vakke moet **amptelike tale** wees. **Lewensoriëntering** en **Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid** is verpligtend vir alle leerders.
Lewensoriëntering is daarop gemik om deelname aan en begrip vir 'n demokratiese staatsbestel te bou. Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid is verpligtend om sodoende te verseker dat alle leerders vir die lewe en werk in 'n toenemend tegnologiese-, numeriese- en datagedrewe wêreld voorberei word. Waar leerders verder wil gaan studeer in 'n wetenskaplike- of ekonomiese rigting, word Wiskunde vereis. Wiskundige Geletterdheid is vir dié leerders wat nie noodwendig Wiskunde in hul toekomstige beroep gaan nodig kry nie.

Benewens hierdie vier verpligte vakke, moet die leerders nog **DRIE** vakke uit 'n lys van goedgekeurde vakke kies. (Die lys vakke wat by Die Hoërskool Wonderboom aangebied word, volg hieronder.)

Die goedgekeurde vakke word dus basies in twee kategorieë verdeel.

| GROEP | VAK | AF-KORTING |
|---|---|---|
| **GROEP A**<br><br>**Verpligte vakke**<br>Kies tussen<br>Wi en WG | Afrikaans (Huistaal) | AFRHL |
| | Engels (Eerste Addisionele Taal) | ENGFA |
| | Wiskunde **OF** | MATH |
| | Wiskundige Geletterdheid | MLIT |
| | Lewensoriëntering | LIFE |
| **GROEP B**<br><br>Kies **DRIE** vakke | **Fisiese, Lewens- en Rekenaarwetenskappe** | |
| | Fisiese Wetenskap (**bo 60% vir Wisk**) | PHSC |
| | Lewenswetenskap | LFSC |
| | Inligtingstegnologie (**bo 60% vir Wisk**) | INFT |
| | Rekenaartoepassingstegnologie | CATN |
| | **Ekonomiese Wetenskappe** | |
| | Rekeningkunde (**bo 60% vir Wisk**) | ACCN |
| | Ekonomie | ECON |
| | Besigheidstudies | BSTD |
| | **Sosiale Wetenskappe** | |
| | Geografie | GEOG |
| | Geskiedenis | HIST |

| | | |
|---|---|---|
| | **Kuns en Kultuur** | |
| | Visuele Kunste | VSLA |
| | Ontwerp | DSGN |
| | Musiek | MUSC |
| | Dansstudie | DNCE |
| | Dramatiese Kunste | DRMA |
| | **Ingenieurstudies** | |
| | Ingenieursgrafika en ontwerp | GRDS |
| | Siviele Tegnologie | CVTS |
| | **Dienste** | |
| | Gasvryheidstudies | HOSP |
| | Toerisme | TRSM |
| | | |
| | | |

Binne die kurrikulum sal leerders omvattend moet kan lees en skryf in alle vakke. Die kurrikulum vereis dat leerders noukeurig moet reflekteer oor wat geleer word, konseptuele kennis verwerf en dit in verskeie situasies moet kan toepas. Die kurrikulum stel kritiese en weetgierige leerders in vooruitsig, wat bewus is van maatskaplike-, morele-, ekonomiese- en etiese kwessies waarmee Suid-Afrikaners en mense regoor die wêreld te kampe het.

**5.3.1 Addisionele vakke bo en behalwe die 7 vereiste vakke:**

'n Leerder mag meer as sewe vakke neem, maar onder die volgende voorwaardes:

- Die addisionele vak(ke) moet al drie jaar geneem word, dus vanaf graad 10 tot 12.
- Daar moet voldoen word aan die interne assesseringsvereistes, asook aan die praktiese assessering, waar van toepassing, vir al drie jaar.
- Daar word in die skoolrooster slegs voorsiening gemaak vir sewe vakke, dus word addisionele vakke buite normale skoolure geneem.
- Leerders wat addisionele vakke wil neem, moet vooraf ‘n motiverings-brief (vanaf ouer en onderwyser wie vak gaan aanbied) na me. Mc Geer stuur.
- Daar mag 'n fooi aan verbonde wees.
- Addisionele vakke mag slegs geneem word indien die leerder deurgaans (Gr 9 -12) 'n **gemiddeld van 80% vir al sy/haar vakke** handhaaf.

- Vir die neem van addisionele vakke moet dus by me. Mc Geer aansoek gedoen word en deur die Departement goedgekeur word.

## 5.4 SLAAGVEREISTES

Die Minister van Onderwys het in Staatskoerant No. 29851 van 30 April 2007 die volgende wysigings t.o.v. slaagvereistes vir die Nasionale Senior Sertifikaat aangekondig:

Om graad 10-12 te slaag, moet ‘n leerder aan die volgende vereistes voldoen:

- ‘n Leerder moet 40% in drie vakke behaal waarvan een ‘n amptelike taal op Huistaalvlak moet wees, dus Afrikaans;
- ’n Leerder moet 30% behaal in drie ander vakke;
  - Die slaagvereistes word dus nie meer in terme van die fundamentele (verpligte) en keusevakke gestel nie, maar in terme van die pakket van sewe vakke as ‘n geheel; en
  - Tweedens word geen kondonering meer gedoen nie, maar dui aan dat ‘n leerder een vak kan druip mits ‘n volledige portefeulje van bewyse in die skoolgebaseerde assesseringskomponent vir die vak voorgelê word én die leerder nie baie afwesig is nie.

PERSENTASIESKAAL VIR GRAAD 10 TOT 12

| GRADERINGSKODE: | GRADERING: | PUNTE: |
|---|---|---|
| 7 | Uitstaande prestasie | 80 - 100% |
| 6 | Meriete prestasie | 70 – 79% |
| 5 | Aansienlike prestasie | 60 – 69% |
| 4 | Voldoende prestasie | 50 – 59% |
| 3 | Gemiddelde prestasie | 40 – 49% |
| 2 | Basiese prestasie | 30 – 39% |
| 1 | Nie bereik nie | 0 – 20% |

## 5.5 SPESIFIEKE VEREISTES

Die volgende is van besondere belang en moet deurgaans in gedagte gehou word by die uitoefening van 'n vakkeuse.

# Wiskunde mag gekies word onder die volgende voorwaardes:

'n Leerder moet 'n jaarpunt van minstens 50% vir Wiskunde in graad 9 behaal hê om **voorwaardelik** toegelaat te word. Indien 'n leerder nie aan hierdie vereiste voldoen nie **móét** Wiskundige Geletterdheid geneem word.
Indien ‘n leerder Wiskunde druip óf met aanpassing slaag – mag die leerder NIE Wiskunde as vak neem NIE.

# Fisiese Wetenskappe, Rekeningkunde, IT mag nie sonder Wiskunde geneem word nie. Die leerder moet **60% vir Wiskunde** behaal om Fisiese Wetenskappe, Rekeningkunde en IT as vak te kan neem.

# Siviele Tegnologie **moet** saam met Fisiese Wetenskappe en Wiskunde geneem word – Dit is departementele beleid. Ingenieursgrafika en Ontwerp word aanbeveel in ‘n vakpakket saam met Siviele Tegnologie, maar is nie ‘n vereiste nie.

# Indien 'n leerder verander na Wiskundige Geletterdheid en hy/sy neem ook een van die bogenoemde vakke (Fisiewe Wetenskappe en Siviele Tegnologie) moet die leerder hierdie vak(ke) ook verander. 'n Leerder wat dus een van die bogenoemde vakke kies, moet dus doodseker wees dat hy/sy Wiskunde enduit sal slaag.

# Wanneer Visuele Kunste gekies word, is die leerder self verantwoordelik om sy/haar kunsbenodigdhede aan te koop.

# Die aanbieding van 'n sekere vak hang af van die aantal leerders wat die vak neem. Vir ‘n vak om in die rooster van die skool te kan wees, moet soos uiteengesit in die “PAM” dokument, die volgende minimum hoeveelheid leerders die vak neem:
(Musiek – 6 leerders, Dansstudies – 15 leerders, Dramatiese Kunste – 12 leerders, IT – 25 leerders, Siviele Tegnologie – 15 leerders).

# Vakkeuses moet so hanteer word dat leerders nie aan die begin van graad 10 vakke wil verander nie, aangesien die roosterkombinasies op getalle gebou word. **Indien daar nie meer plek vir 'n leerder in 'n kombinasie is nie, sal die vak nie verander kan word nie.**

# Vakke met praktiese komponente: Inligtingstegnologie, Rekenaar Toepassingstegnologie, Gasvryheidstudies, Toerisme, IGO, Siviele Tegnologie, Visuele Kunste en Ontwerp: Hier móét leerders ‘n PAT (Prakties Assesseringstaak) voltooi.

# Vakke soos Musiek, Dramatiese Kunste en Dansstudies het ook ‘n praktiese komponent waarin die vaardighede in die vak aangeleer, getoets word.

VAKVERANDERINGS SOOS IN DIE STAATSKOERANT VAN, 20 NOVEMBER 2015

Aanpassing van Regulasie 17:

(a) (1) Vakveranderings (twee) mag in **Graad 10** gedoen word, indien dit voltooi is teen die **einde van die tweede kwartaal**, op voorwaarde dat dit deur die Hoof van die skool waar die leerder geregistreer is, goedgekeur word. Sodanige vakveranderinge moet voor of op 30 Junie in die Graad 10-jaar gedoen wees.

(b) (2) ‘n Leerder mag twee vakke in **Graad 11** verander, mits dit **voor of op 31 Maart** gedoen is, op voorwaarde dat dit deur die Hoof van die skool waar die leerder geregistreer is, goedgekeur word.

(c) Vakveranderings soos aangedui in subregulasies (1) en (2) hierbo mag **slegs een keer** deur ‘n leerder in die VOO-fase gedoen word. ‘n Leerder kan dus nie in graad 10 én in Graad 11 vakke verander nie.

## 6. UNIVERSITEITSTOELATINGSVEREISTES:

Alle vakke dra by tot universiteitstoelating.

Vir toelating tot 'n **graadkursus** geld die volgende voordes:

'n Leerder moet vir minstens 4 matriekvakke bo 50% behaal (Lewensoriëntering uitgesluit).

## 7. PROSEDURE BY VAKKEUSE

### 7.1 DIE VAKKEUSEVORM

- 'n Vakkeusevorm word aan u gestuur, wat u dan elektronies moet voltooi.
- Na voltooiing en ondertekening deur die ouer, word die vorm aan die voogonderwyser van die leerder terugbesorg, voor of op **30 Julie 2024.**

### 7.2 DIE ROL VAN DIE SKOOL

- Die onderwyser verantwoordelik vir Lewensoriëntering in graad 9, hanteer alle inligting rakende die vakkeuse volledig met die graad 9-leerders tydens Lewensoriënteringsperiodes.

- Die skool reël dat die leerders aanlegtoetse aflê en die uitslae word aan die ouers en leerders beskikbaar gestel.

- Die skool doen moeite om die leerder en sy ouers te oriënteer ten opsigte van die onderwysstelsel. Die kind word begelei om homself beter te leer ken en hy word voorberei op die keuses wat gemaak moet word.

- Die personeel is per afspraak beskikbaar om individuele probleme met ouers en leerders te bespreek.

- Na inhandiging van die voltooide vakkeusevorm, word elke leerder se keuse gekontroleer.

- Indien daar probleme met die leerder se vakkeuse is, sal die leerder en ouers ingelig word en alternatiewe keuses voorgestel word.

## 7.3 TEN SLOTTE

Die vakkeuse van die graad 9-leerder is vir elke kind ‘n baie belangrike mylpaal in sy op-weg-wees na volwassenheid. Hier word onder andere reeds besluit of hy/sy tersiêre opleiding aan ‘n universiteit, technikon of ander kollege sal kan volg. Beroepsmoontlikhede word ook reeds in ag geneem.

- Ter wille van die kind en sy toekoms is dit van groot belang dat die ouers en die skool in noue vennootskap sal saamwerk om die beste moontlike vakkeuse vir die kind te verseker.

- Die ouer moet dus belangstelling in die kind toon, hom/haar behulpsaam wees met sy/haar keuse en hom/haar help om sekerheid oor hulself en die toekoms te kry, sonder om te hoë eise aan die kind te stel.

- Die hele aangeleentheid van vakkeuse kan as ‘n kommunikasie-geleentheid tussen ouer en kind benut word.

- Die skool is beskikbaar om aan individuele hulp te verleen en/of ouers, waar die behoefte ontstaan.

U kan ‘n afspraak maak met mnr. Deysel of ‘n e-pos stuur na barend.deysel@wonnies.co.za

**BAIE STERKTE MET DIE UITOEFENING VAN HIERDIE BELANGRIKE KEUSE!**